## BOODSKAP VAN DIE STAATSPRESIDENT AAN DIE JAARKONGRES VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA: VEREENIGING: 6 OKTOBER 1961

MET *die eerste kongres van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika na ons republiekwording, stuur ek hiermee my groete aan die lede van die kongres.*

*Dit is verblydend om te weet dat daar deur u Vereniging sorgvuldig aandag aan ons vaderlandse geskiedenis gewy word; vir u waardevolle werk en toewyding verdien u die dank van almal wat hierdie so belangrike aangeleentheid op die hart dra. Ek betuig graag my eie waardering daarvoor.*

*Waar ons land in hierdie wonderjaar van ons Republiek 'n nuwe bedeling in ons veelbewoë geskiedenis betree, sal nuwe belangstelling in, en grondige studie van die voorafgegane tydperk met al sy strominge en intense voorbereiding, gepaard met versameling, bewaring en koördinering van gesaghebbende bronne en gegewens 'n grootse taak wees om aan te pak.*

*Daar moet gewaarsku word teen die menslike en ongelukkig gebruiklike neiging om met sodanige taak te versuim totdat deur die verloop van jare en die skaafwerk van die tyd menigvuldige waardevolle bronne en betroubare gegewens byna of heeltemal nie meer beskikbaar is nie.*

*Ek wens u 'n aangename en nuttige byeenkoms toe met groot welslae in die werk en onderneming van die Historiese Genootskap in die volgende tydperk.*

*C. R. SWART,*
*Staatspresident.*

*STAATSPRESIDENTSWONING,*
*BLOEMFONTEIN.*
*13 September 1961.*